Downloaded from Stanmorephysics.com


basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**MEI/JUNIE 2026**

Stanmorephysics.com

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Jy moet 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. MOENIE met 'n potlood skryf NIE.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

1.1 Hierdie insident het my baie geleer **[50]**

1.2 Alleenwees is beter as slegte vriende **[50]**

1.3 Ek kan! **[50]**

1.4 Is groet belangrik? **[50]**

1.5 Geluk **[50]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.

**LET WEL:** Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.6



[Bron: Eksaminator eie werk] **[50]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.7



[Bron: google images]

**[50]**

1.8



[Bron: csaimages]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou maat het gesien dat jy ongelukkig is. Hy/Sy het toe iets gedoen om jou beter te laat voel.

Skryf nou 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom/haar om dankie te sê vir wat hy/sy vir jou gedoen het. **[30]**

2.2 **FORMELE E-POS**

Jy is aanvaar by die universiteit. Dit is baie duur en daarom wil jy die Studentehulpsentrum vra of daar enige beurse beskikbaar is.

Skryf 'n E-POS waarin jy die Studentehulpsentrum vra watter beurse beskikbaar is. Gebruik die volgende e-posadres:

beursafdeling@diestudentehulpsentrum.co.za **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Daar het 'n nuwe restaurant in jou dorp oopgemaak waarvan almal baie hou. Jy het gaan uitvind wat die restaurant spesiaal maak.

Skryf nou 'n RESENSIE oor die restaurant. **[30]**

2.4 **GESKREWE ONDERHOUD**

Jou buurman het 'n groentetuin begin. Hy gee al die groente vir die kinderhuis. Jy wil 'n storie hieroor vir die dorp se koerant skryf.

Skryf die ONDERHOUD wat jy met jou buurman gehad het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy wil 'n studiegroep begin om vir die eksamen voor te berei. Jy wil graad 12-leerders in die groep hê wat dieselfde vakke as jy het sodat julle mekaar kan help.

Ontwerp nou die PLAKKAAT wat jy by die skool gaan opsit. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het jou laaste vraestel geskryf. Jou pa het gesê dat hy die volgende dag vir jou 'n geskenk gaan bring.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand vóór jou pa die geskenk gebring het
- Die aand ná jou pa die geskenk gebring het **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Die dorp waar jy bly, lyk sleg. Jy wil graag hê almal moet help om die dorp skoon te maak en netjies te laat lyk.

Skryf die INSTRUKSIES, puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou